

met die Bybelgenootskappe



OKTOBER

30 Sep – 6 Okt

Papoea-Nieu-Guinee:

Dank die Here vir dit wat ons met Bybelverspreiding in ons land kon bereik. Bid asseblief dat dit vir ons moontlik sal wees om bybelse beginsels by ons mense, veral by die jeug, in te skerp. Bid vir ons publikasieprojekte.

Stille Suidsee: Ons dank die Here vir die ondersteuning van kerke en vir ander Christenorganisasies wat in

vennootskap met ons aan Bybelvertalings werk en ons publikasie- en verspreidingsprogramme ondersteun. Bid vir meer promosieprogramme om mense van die Bybel en die Bybelgenootskap bewus te maak.

Nieu-Seeland: Bid vir ons doelwit om 100 000 kinders en jongmense te help om by die Bybel betrokke te raak. Bid vir ons *Goed vir die Lewe*-inisiatief waardeur ons mense van alle ouderdomme wil toerus om die Bybel te lees. Dank die Here vir die volgehoue werk aan die vertaling van die Bybel in hedendaagse Maori en vir

die publikasie van die Bybel in Tokelau.

7 – 13 Okt

Indonesië: Bid asseblief vir samesprekings rakende die hersiening van die Indonesiese Bybel. Bid ook dat biskoppe en ander kerkleiers hierdie samesprekings sal bywoon en die hersiening sal goedkeur. Bid dat Christene hierdie hersiening sal aanvaar.

Oos-Timor: Bid vir Christene wat in hierdie land woon. Alhoewel daar nie 'n Bybel-

genootskap is nie, bid dat Bybelwerk wel moontlik sal wees.

Australië: Dank die Here vir die vieringe van ons 200ste bestaansjaar in 2017. Dank Hom ook dat ons kunsboek *Our Mob, God's Story* aangewys is as die Christelike boek van die jaar. Die verkope van hierdie boek word aangewend vir die publikasie van Bybelgedeeltes in Australië se inheemse tale. Bid vir hierdie projekte.

14 – 20 Okt

Hongkong: Bid vir die voorbereiding van die eeufees vieringe van die Chinese "Union" Bybel in 2019. Bid dat hierdie vieringe eenheid onder Chinese Christene en kerke sal bevorder.

Taiwan: Bid vir al die aktiwiteite en Bybelforums wat ons organiseer om mense van die Bybel en die Bybelgenootskap bewus te maak. Bid dat die Here tydens hierdie geleentheid die harte van mense sal aanraak.

21 – 27 Okt

Filippyne: Bid dat ons nuwe publikasies mense sal help om dieper in die Bybel te delf en by die boodskap daarvan betrokke te raak. Bid vir ons *May They Be One Plus-*veldtog wat uit verskillende publikasieprogramme bestaan. Ons wil meer Bybels beskikbaar stel en het besluit om vir eers op die jeug te fokus.

Mikronesië: Bid vir Bybelwerk in hierdie deel

van die wêreld. Mikronesië bestaan uit meer as 2 000 eilande en dit maak die voorsiening van bekostigbare Bybels baie moeilik. Dank die Here vir die Filippynse Bybelgenootskap wat ons help om geskikte Bybelmateriaal vir kinders en jongmense beskikbaar te stel.

NOVEMBER

28 Okt – 3 Nov

Indië: Bid vir die vertaling, produksie en verspreiding van die Bybel, asook vir ons pogings om te verseker dat mense dit nie net lees nie, maar werklik by die bybelse boodskap betrokke raak. Bid vir ons verkoopsafdeling en vir wysheid en kreatiwiteit vir al ons personeel. Bid vir ons leierskap en vir al ons vrywilligers.

Maledive: Bid vir geleentheid om Bybelwerk hier te doen. Bid ook dat die inwoners ontvanklik vir die bybelse boodskap sal wees.

Sri Lanka: Bid vir ons verhouding met die kerke. Bid veral vir ons Bybelgebaseerde traumaprojek waarmee ons mense wat deur geweld getref is wil help om dit te verwerk. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om genoegsame bekostigbare Bybels vir ons mense beskikbaar te kan stel. Bid vir die jeug van Sri Lanka.

Bangladesj: Bid vir ons pogings om mense wat deur vloede getref is by te staan en ook Bybelgedeeltes aan hulle te voorsien. Bid vir ons projekte om kinders en

jongmense met die Bybel te bereik. Bid vir ons pogings om na mense van ander gelowe met die Woord uit te reik.

4 – 10 Nov

Suriname: Loof en dank die Here vir die voltooiing van die Bybelvertaling in Surinaams Javaans. Bid vir ons die Bybelvertalingsprojekte, onder ander in die Kreools van Frans-Guiana. Bid asseblief vir ekonomiese en politieke stabiliteit asook vir vrede. Bid vir Bybelwerk in **Guyana** en **Frans-Guiana**.

El Salvador: Bid dat meer mense in ons land bewus sal raak van die Bybel en die bybelse boodskap, veral kinders en jongmense. Dank die Here vir die werk wat ons Bybelgenootskap hier doen.

Honduras: Bid dat ons die nodige wysheid sal ontvang om te kan bepaal hoe om die Bybel effektief te versprei. Ons land gaan gebuk onder die gevolge van geweld, korrupsie en 'n algemene ontevredenheid met die leierskap. 'n Groot deel van ons bevolking is jongmense. Bid dat ons die Bybel aan hulle sal kan beskikbaar stel en vir die impak daarvan op hulle lewens.

Guatemala: Bid vir ons projek om Bybelgedeeltes in Guatemalaanse Gebaretaal te vertaal. Bid vir ons verskillende Bybelvertalingsprojekte. Bid ook vir ons pogings om gesinsgeweld met die Bybel aan te spreek en ook om na jong bendeledede wat hulle in die gevangenis bevind, uit te reik.



11 – 17 Nov

Dominikaanse Republiek:

Dank die Here dat ons sy Woord kan versprei. Dank Hom ook vir die impak van ons *Nee vir geweld, Bybels as wapens*-projek. Bid vir ons land, vir ons Raad van Direkteure, personeel en vir die kerke. Bid dat die Bybel mense se lewens sal verander.

Oos-Karibiese Eilande:

Loof die Here vir dit wat ons reeds kon bereik met Bybelverspreiding op die 12 verskillende eilande wat hierdie Bybelgenootskap bedien. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om bybelse waardes en beginsels by ons mense, veral kinders en die jeug, in te skerp.

Puerto Rico: Bid dat die Here Bybelwerk in hierdie land sal seën. Bid dat die Bybelgenootskap in die Bybelbehoefes van ons mense sal kan voorsien. Bid vir 'n verbetering in die ekonomie wat hopelik sal help

om verskeie maatskaplike probleme te oorkom.

Nederlands-Antille & Aruba:

Bid vir die werk aan die Papiamentu Studiebybel wat byna voltooi is en vir die impak van hierdie publikasie op die lewens van diegene wat dit sal ontvang. Bid vir ons projek om in samewerking met die Departement van Onderwys wat na-uurse onderrig aanbied, jongmense wat nie hulle skoolloopbaan voltooi het nie, ook met die Bybel te bereik.

18 – 24 Nov

Wes-Indiese Eilande:

Dank die Here dat dit vir ons moontlik was om Bybelhuis op die Bahamas op te knap. Bid vir ons pogings om ons kapasiteit uit te bou sodat ons in die Bybelbehoefes van die inwoners van **Jamaika**, die **Bahamas**, **Belize**, **Turks en Caicos**- en die **Kaaimanseilande** kan voorsien.

Kuba: Dank die Here vir die werk van die Kubaanse Bybelkommissie wat verantwoordelik is vir Bybelwerk op hierdie eiland. Bid vir die Kerk en vir die samewerking tussen die verskillende kerkgenootskappe. Dank die Here dat een miljoen Bybels met die hulp van Bybelgenootskappe wêreldwyd die afgelope vyf jaar in hierdie land versprei is.

Haïti: Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om voort te gaan met Bybelwerk in hierdie land. Bid vir die werk aan die Studiebybel in Haïtiaanse Kreools. Bid ook vir ons geleterheidsprojek en vir ons projek om gesinsgeweld aan te spreek.

25 Nov – 1 Des

Panama: Kinders wat in gebiede woon wat deur die polisie as “rooisones” beskryf word, het dikwels nie rolmodelle nie. Bid vir ons projek om hulle met die Bybel te bereik en bybelse waardes by hulle in te skerp. Bid vir die vertaling van die Ou Testament in Gnobe.

Nicaragua: Dank die Here vir die Bybelwerk wat ons hier kan doen. Bid vir ons verskillende projekte, onder andere vir ons projek om in samewerking met vennote mense in hospitaalpastoraat op te lei en om veral jong kankerlyertjies en hulle gesinne met die Bybel te bereik.

Costa Rica: Bid vir vordering met Bybelverspreiding in 'n grootliks sekulêre samelewing. Bid vir die vertaling van die Bybel in Ngäbe.



sal leer ken en dat die Bybelgenootskap Bybelsal kan voorsien. Bid veral vir ons *Bybelvasvra*-projek wat kinders, onderwysers en ouers help om met die Bybel in aanraking te kom. Bid vir die werk aan die Armeense Studiebybel.

Azerbeidjan: Dank die Here vir plaaslike Bybelwerk. Bid veral vir ons *Evangelie in koerante*-projek asook vir ons pogings om 'n spesiale Bybeeldag hier te vestig.

Georgië: Dank die Here vir sy genade en leiding. Dank Hom veral vir die vordering met ons Jeugbybelprojek. Bid vir al die gemarganaliseerde mense in ons land. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om hulle binne die volgende twee jaar met die Bybel te bereik.

23 – 31 Des

Pakistan: Dank die Here dat die geletterdheidsprojek vir vroue goed verloop en dat sowat 5 600 vroue in 2017 hierby gebaat het en nou die Bybel kan lees. Bid ook vir die uitbreiding van ons Bybelmuseum. Bid vir ons personeel en vir die Raad wat soms onder moeilike omstandighede hulle taak moet verrig.

Afganistan: Bid vir Christene in hierdie land wat hulle in moeilike omstandighede bevind, dat hulle vas in die geloof sal staan. Bid vir vrede in hierdie oorwegend Moslemland wat reeds vir jare in 'n oorlogsituasie verkeer.

DESEMBER

2 – 8 Des

Verenigde State van Amerika: Bid asseblief saam met ons dat meer mense in die VSA by die Bybel betrokke sal raak en vir die impak daarvan op hulle lewens. Bid ook vir die ontwikkeling van ons *Faith and Liberty Discovery Centre* in Philadelphia waardeur ons die bybelse boodskap van hoop wat lewens kan verander aan mense wil bring.

Kanada: Bid dat die Here ons sal help om meer Bybels in hierdie land te versprei. Bid dat ons veral jongmense en kinders met die Woord sal bereik. Dank die Here vir ons donateurs wat ons help om Bybelwerk wêreldwyd te ondersteun.

Mexiko: Bid vir die Bybelsaak in ons land, en dat ons die bevolking met die boodskap van die Bybel sal kan bereik. Bid vir die personeel, vir krag en wysheid om hulle taak te kan verrig en om te verseker dat die Bybel vir alle ouderdomme in geskikte formate beskikbaar is.

9 – 15 Des

Kazakstan: Bid dat ons alle Kazakke met die evangelie sal kan bereik. Bid vir die Bybelgenootskap hier wat sy taak in omstandighede waar Christene soms vervolgt word, moet uitvoer.

Kirgisië: Bid asseblief vir Christene wat in hierdie land woon waar Islam beduidende groei toon. Bid dat Bybelwerk steeds moontlik sal wees. Dank die Here dat ons tans die kerke van die nodige Bybels en Bybelgedeeltes kan voorsien.

Russiese Federasie: Dank die Here vir die werk van die Bybelgenootskap in Rusland. Bid vir die verskillende Bybelvertalingsprojekte, onder andere die vertaling van die Ou Testament in Yakut en Altay. Bid steeds dat ons met die vertaling van die Nuwe Testament in Russiese Gebaretaal sal kan begin.

16 – 22 Des

Armenië: Bid dat jongmense en kinders die Bybel beter